VAN ONS SUSTERS

Oktoberfees

Die Susters se verkoping vind plaas op **Saterdag 30 Oktober 2021** en begin om **08:30 tot 12:00.** Ter wille van die Covid-beperkings sal daar aanpassings in die formaat gemaak word.
In beginsel is daar besluit op die volgende stalletjies: Kerrie & Rys, pannekoek, poeding, wit olifant, gebak, koeldrank en koffie- en teetuin. Die wyksusters sal lidmate kontak in verband met 'n bydrae vir bogenoemde tafels of kontant of hulp in watter vorm ook al. Daar is nog enkele wyks- en verkopingslyste in die saal.
Wyksusters word vriendelik gevra om hulle af te haal.
Ingevulde verkopingslyste kan by enige lid van die Sustersbestuur of by Malie in die kantoor afgegee word. ***Nelly, nms Susters***

WITOLIFANTTAFEL: OKTOBERFEES, 30 OKTOBER

As jy **enige bruikbare** artikel nie meer wil hê nie of dit lê in jou pad, dan is die witolifanttafel by ons Oktoberfees net die plek waar ons dit kan verkoop aan iemand wat dit nog kan gebruik. Ons dink veral aan ouer lidmate wat wil opruim by hulle huise omdat daar na baie jare se opgaar nie meer plek vir alles is nie – **bring daardie artikels vir die witolifanttafel!**
Artikels kan voor 30 Oktober by die koster, Pieter Bouwsema by die kantoor afgegee word of selfs die dag van die verkoping nog gebring word.



Navrae by Flip Mostert en Faans Steyn

TEETUIN

Kom geniet koek en tee by die teetuin
30 Oktober 2021vanaf 08:30 tot 12:00

Bring jou hele familie en geniet die oggend



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 38 Sondag 10 Oktober 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan: Ouderling wyk 3 **Thinus Dreyer** en wyk 4 **Koos Roos.** Diaken: Wyke 3 **Rudy van der Spoel** en 4 **AJ van Niekerk**

EREDIENSTE Albei dienste waargeneem deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:30: Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Vooraf sang: Ps 38:1, 17; Sb 28 (10/2)
Skriflesing: Efesiërs 6.
Sang tydens die diens: Psalm 147: 1, 2, 7; Psalm 99: 4, 5; Skrifberyming 20: 5, 6, 7(Tema 9 - 6); Psalm 74: 15, 16.

AAND:18:00.
Vooraf sang: Skrifberyming 31: 1, 2 (Tema 7 - 1); Psalm 86: 1, 3.
Skriflesing: Johannes 14; NGB Artikels 5, 6.
Sang tydens die diens: Psalm 75: 1, 4; Skrifberyming 14: 2(Tema 8 - 1); Skrifberyming 43: 1, 2 (Tema 15 - 7).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Emeritaatsversorging*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

Ds Hendrik Verryn van Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Suid, sal DV **VANMIDDAG** om 15:30 die preekbeurt by Huis Eikelaan waarneem.

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir **prof. Callie Coetzee** wat Vrydag 'n prosedure aan sy een oog ondergaan om 'n katerak te verwyder. Op 22 Oktober sal hy dieselfde prosedure aan die ander oog ondergaan.
Mag u deur hierdie twee prosedures lewenskwaliteit ontvang.

Magda Pelser-van der Merwe ondergaan ook Vrydag 'n prosedure aan haar oog waartydens 'n membraan verwyder sal word. Ons verseker Magda en Theo van ons voorbidding en dit is ons gebed dat ook sy deur hierdie prosedure lewenskwaliteit sal ontvang.

Ds Jannes en sy gesin moes na slegs een dag van hulle verlof terugkeer huis toe nadat Yolandé en albei kinders siek geword het. Ds Jannes self het ook Woensdag begin siek word. Ons is jammer dat die welverdiende rus so onderbreek is en bid hulle spoedige en volkome genesing toe.

Elsie Buys is reeds 'n geruime tyd siek en moet bedags en snags suurstof ontvang. Ons bid vir haar genesing en bid haar en Peet en hulle dierbares krag en genade van ons hemelse Vader toe.

Magda Viljoen ontvang DV hierdie week (na 'n jaar) die laaste behandeling. Ons dank ons troue Verbonds-god saam met haar en Hennie, Anelri en Carina, dat Hy haar deur hierdie tyd gedra en begenadig het. Ons innige bede is dat die finale uitslag na die behandeling gunstig sal wees en dat sy spoedig weer haar kragte sal terugkry.

'n Suster van **Alta Pretorius**, 'n niggie van Prof Callie Coetzee, is Donderdag op Frankfort oorlede. Ons betuig ons meegevoel met die hele familie en bid hulle die ryke vertroosting van die Heilige Gees toe.

Meegevoel

Die begrafnis van **Johanna Buys** het die afgelope Donderdag plaasgevind. Ons verseker haar dierbares opnuut van ons innige meegevoel en bid hulle die ryke vertroosting van die Heilige Gees toe.

Ds. Jannes is nog tot 11 Oktober met verlof. Ons is dankbaar dat prof. Callie ingewillig het om in hierdie tyd in die eredienste voor te gaan. Indien daar bedieningsnood is, word u gevra om u wyks-ouderling en -diaken en ook prof. Callie te kontak.

VAN ONS KERKRAAD

BYBELSTUDIES

Di	12/10	15:00	Huis Eikelaan	Groot saal o.l.v. prof Callie
Wo	13/10	18:30	Jeugkamer	Daniël 10
Do	14/10	09:30	Konsistorie	Handelinge 8: 26 - 10

Katkisasie

	Sondag 17 Oktober	**Sondag 24 Oktober**
Lesrooster: **Psalmvers:**	Les 19 en Sondag 19 Psalm 31: 2	Les 20 en Sondag 20 Psalm 31: 3
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 5: Gr 7 Ouderling wyk 6: Belydenisklas	Ouderling wyk 7: Graad 0 Ouderling wyk 8:Gr 1& 2

Wo	13/10	15:30-16:15	Graad 8 en 9 katkisasie	Les 14
So	17/10	Ná erediens	2021 Belydenisklas	NGB Les 20 HK Sondag 23 & 24

UITNODIGING AAN OUERS MET KINDERS

Ouers en hulle kinders (tot en met hoërskool) word hartlik uitgenooi na 'n bring-en-braaigeleentheid Saterdag 23 Oktober vanaf 15:00 – 18:00 op die kerkterrein. Elke gesin voorsien eie vleis, eetgerei en drinkgoed. Antwoord a.s.b. voor of op Woensdag 20 Oktober by Yolandé.
Kinders moet a.s.b. onthou om hulle swemklere en 'n handdoek saam te bring vir die waterglybaan!

ATTESTAAT

Die attestaat van **Benjamin Boersema** word afgegee na GK Innesdal.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

10 Okt **Marthinus Dreyer,** Wyk 20
13 Okt **Rita Cilliers,** Wyk 6
Carina Viljoen, Wyk 6
14 Okt **Chris van Ryssen,** Wyk 15

GESAMENTLIKE EREDIENS OP HERVORMINGSONDAG

Op **Hervormingsondag, 31 Oktober 2021** sal daar, soos gebruiklik, om 18:00 ’n gesamentlike aanderediens van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom in die kerkgebou van GK Potch-Bult plaasvind.

VERGADERING VAN OUDERLINGE MET DIAKENS

Op 17 Oktober sal daar ‘n buitengewone vergadering van die ouderlinge met die diakens plaasvind. Daar sal dan in besonder besin word oor die bediening van die diakens in die gemeente. U voorbidding vir hierdie vergadering word gevra.

Die 2022 ALMANAK van die GKSA kan in die kantoor bestel word voor of op 17 Oktober. Vir ons plaaslike lidmate is die prys R 100.

Die spesiale kollektes in Oktober 2021 gaan vir:

Sondag	10 Oktober	Emeritaatsversorging
Sondag	17 Oktober	Emeritaatsversorging
Sondag	24 Oktober	Bybelverspreiding
Sondag	31 Oktober	Thusofonds

Die Kerkblad

Ondersteun Die Kerkblad asseblief. Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met Prof Callie of ouderling Piet Aartsma skakel. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Intekengelde is R323 per jaar vir die hardekopie en R135 vir die elektroniese kopie (11 uitgawes)

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb ’n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

Geopende Deure

FRONTLINIE GELOOF

Vervolg Maar nooit alleen.

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

Streek: Asië **Meerderheidsgeloof:** Islam.
Bevolking: 169 775 000
Christelike bevolking: 903 000 (0,5%)

BANGLADESJ

Christene in Bangladesj ervaar die grootste druk in hul gemeenskappe en privaatlewens. Die samelewing in dié land is besig om al meer Islamities te word, met die regering wat toenemend meer doen om die bekommernisse van Moslem-ekstremiste aan te spreek. Islamitiese ekstremiste in die land plaas druk op alle Christengroepe. Evangelistiese kerke – waarvan baie Pinkster-kerke is – wat onder die Moslem-meerderheid werk ervaar die meeste vervolging, maar selfs geskiedkundige kerke soos die Rooms-Katolieke Kerk ervaar ’n toename in aanvalle en doodsdreigemente.

Bekeerdes vanaf ’n Moslem-, Hindoe-, Boeddhistiese of etniese/stam-agtergrond ervaar die ergste beperkings, diskriminasie en aanvalle in Bangladesj. Hulle kom dikwels in klein huiskerke of geheime groepe bymekaar uit vrees vir aanvalle.

Christene onder die Moslem-meerderheid Rohingya-mense, wat vanaf Mianmar na Bangladesj gevlug het, staar ook teistering en sterk druk van hul gemeenskappe in die gesig. Hulle was in die rapporteringstydperk die teiken van ’n gewelddadige aanval deur ekstremistiese Moslemgroepe in die kampe.

Ontmoet Badol*

“My pa was die eerste gelowige in my familie. Daarna het my broers gelowiges geword en het ek ook vir Jesus Christus aangeneem. Ek was bang dat die Moslem-dorpenaars niks met my te doen sou wou hê nie. Niemand wil nou meer met ons praat, kommunikeer of geassosieer word nie.”

***Naam vir sekuriteitsredes verander.**

Bid vir Bangladesj

- Bid vir opleiding vir Christene uit verskillende stamme en kulture, sodat hulle toegerus kan word om dit wat hulle geleer het terug te neem om hul gemeenskappe te versterk.
- Bid vir Christene teen wie gediskrimineer word met regeringshulp gedurende COVID-19 en siklone. Arm dagarbeiders ervaar dikwels ’n verlies aan inkomste en hongersnood. Bid dat hulle in staat sal wees om beide fisies en emosioneel te herstel.
- Bid vir die klein groepie Rohingya-Christene wat daarna streef om Jesus in die vlugtelingkampe in Bangladesj te volg. Bid vir hul veiligheid en dat hulle in staat sal wees om Jesus te volg, ongeag wat gebeur.